

VERSLAG CARLO TREKKERS - OOS KAAP OPE

4 AUGUSTUS 2018

LANGKLOOF SKIETKLUB - JOUBERTINA

Die 2018 O-Kaap Ope is vanjaar vir die 2de keer aangebied deur die Langkloof Skietklub op die plaas Tulpieskraal van Bokkie Kritzinger net buite Joubertina.

Daar was 80 inskrywings teen bedrag vn R300.00 wat oggend koffie en 'n lekker vol bord middagete ingesluit het.

Met gemengde gevoelens het ons die dag afgewag, die streek is in 'n wurggreep van erge droogte toestande en reën is vir ons voorspel, waarna ons almal uitsien, maar die manne wil skiet ook. Saterdag breek aan en 'n meer perfekte dag kon ons nie vra.

Vroegoggend al is die 100 en 200m inskietbaan benut deur skuts wat net vir die laaste maal verstellings wou maak.

'n Miernes van bedrywigheid en dinge loop vlot by die registrasie waar deelnemers ook getrakteer word met koffie.

Die dag word geopen deur oom Johan Fourie waarna die dag se reëlins en baan uitleg aan die deelnemers oorgedra is deur Renard Oelofsen, voorsitter van OP Jaggeweerskiet. Daarna kon skuts die teikens beproef op ons gebruikers vriendelike baan waar al 6 bane direk langs die pad geleë is.

Baan uitleg was as volg:

Baan 1: Vlakvark – Vryhand staan ±70m

Baan 2: Blesbok: Kniel met driepoot as rus ±250m

Baan 3: Bobbejaan: Sit, skiet oor ½ drom met sandsakke ±300m

Baan 4: Gonge- Sit met rekstokkies ±215, 286, 148, 303, 170m

Baan 5: Springbok – Vryhand sit ±170m

Baan 6; Gonge – Lê dooierus oor skuins paal ±335, 300, 200, 345, 225m

Ten 12H30 het die deelnemers klaargemaak en prys uitdeling was teen 14H30 afgehandel.

Ons bedank graag ons hoofborg Carlo Trekkers en ook al ons ander borge vir hulle bydraes.

Baie dankie aan ons baanoffisiere, braaispan, kroegspan, admin dames en deelnemers.

Dankie ook aan Bokkie Kritzinger van Tulpieskraal vir die gebruik van jou plaas met alles daarmee saam. Dankie ook aan Johan Muller, Wicus Linde, Reihan Ferreira, Renard Oelofsen vir julle reuse aandeel met al die admin, reëlings, teikens, baan uitleg ens.


Weereens 'n skietdag gewees vol geselligheid en lekker saam kuier na die kompetisie.

Langkloof Skietklub bedank al die deelnemers wat teenwoordig was en hulle kan gerus wees dat ons steeds streef om die beste te wees in die geweste.....

Sien aangeheg fotos van die dag.

Groete

Renard Oelofsen





Carlu Trekkers



Carlu Trekkers



Carlu Trekkers



Carlu Trekkers

Carlu Trekkers



Carlu Trekkers





Carlu Trekkers





Carlu Trekkers



Carlu Trekkers

Carlu Trekkers



Carlu Trekkers





Carlu Trekkers



Carlu Trekkers



Carlu Trekkers





Carlu Trekkers





Carlu Trekkers



Carlu Trekkers



Carlu Trekkers



Carlu Trekkers

Carlu Trekkers



Carlu Trekkers



Carlu Trekkers

Carlu Trekkers



Carlu Trekkers

Carlu Trekkers

Sedert 1974



Кубота
For Earth, For Life



CASE IH
AGRICULTURE

044 870 7660

i@carlu.co.za

Geen Boere = Geen Kos

www.carlutrekkers.co.za

Carlu Trekkers